

### Nooit te oud om iets nuuts te leer nie

**T**e oud om iets nuuts te leer? Party mense is nog jonk as sulke ouderdom hulle oorval. Hulle word mense wat ál die antwoorde ken (al verander die vrae). Hulle is mense wat, gevestig in hulle geestelike roetine, geen vernuwing of verandering duld nie. Dit is tragies as dit so gaan, want ook op geestelike gebied is die verskil tussen 'n groef en 'n graf net die diepte.

Petrus was só. In die vorige gedeelte weier hy in geesvervoering drie keer om iets te eet wat “onrein” is. Dan sê God (Hand 10:15): “Wat Ek rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie.” Later, by Kornelius, verstaan Petrus skielik wat dit beteken: God maak nie onderskeid tussen mense nie! Hy kan sy genade gee aan wie Hy kies om dit te gee. Die stoere Petrus leer iets nuuts. Dadelik pas hy dit in die praktyk toe. In aansluiting by die bekende (“julle weet” – drie keer) lewer hy kragtig getuie oor die kruisiging (vs 39), opstanding (vs 40-41), die komende oordeel (vs 42) en die redding deur die geloof (vs 43).

Ons stryd teen geestelike verstarring lê dus op twee vlakke: Eerstens, hou aan om die betekenis, die diepte en reikwydte van die genade wat aan die kruis verdien is, te ondersoek. Wat het Gód rein verklaar? Een lewe is te kort om dit te peil! Tweedens, moet nooit ophou om jou eie vooroordele in die lig van God se Woord te toets nie.

So bring God sy kinders gereeld by “ek begryp nou eers”-oomblikke. Dit is kosbare oomblikke, geleenthede om vars en nuut te getuig oor die hoop wat in jou lewe.

*Sing: Psalm 9:1, 6 (2001)*

*Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*